

**30 Mei**

**2 Petrus 1:1-15, (Teks: 1:10)**

***Om vir God deugzaam te wees***

In vers 10 vind ons 'n baie duidelike opdrag. Ons moet met ons lewe bewys dat God ons geroep en uitverkies het. Nie net terloops as ons daarvan onthou nie, maar ons moet ons daarvoor beywer. Meer nog, des te meer beywer. Dit vra 'n besliste, aktiewe onderneming om op God se roepstem te antwoord.

Met vers 10 gryp Petrus ook terug na vers 3, wat die basis vorm waarvolgens ons op God se roepstem kan antwoord. Ons het uit genade Jesus Christus, die Roepende Een se Goddelike krag deur sy Gees ontvang om juis voluit te kan lewe deur Hom te dien. God vra dus nie van ons wat ons nie kan doen nie.

Ons diens aan God, volgens die opdrag in vers 10, word vir ons baie prakties in vers 5-7 uitgedruk. Ons moet alles in die stryd werp om met sewe stappe nader aan Christus te kom, want Hy roep ons. Ons moet die geloof wat ons ontvang het groter maak met deugzaamheid. Dit beteken om God te dien. Elke geskape ding het sy deug of skeppingsdoel. 'n Mes moet kan sny, 'n pen moet kan skryf, anders deug dit nie. So vind ons ons deug in vers 3. Ons moet God dien! As ons dit nie doen nie, is ons deugniete. Om verse 5-7 op te som sou ons kon sê: Ons dien God deur kennis van die Woord op te doen sodat ons deur selfbeheersing tussen reg en verkeerd kan onderskei. Hier wil ons volhard sodat ons hele lewe vragte van die Gees kan toon. Dan kan ons die Goddelike liefde wat ons ontvang het, uitdeel vir almal op ons pad. Mag ons net vandag so leef dat ons vir God deug en so bewys dat ons geroep en uitverkies is.

Sing: Psalm 2:6

Ds. L.J. Buys (Keetmanshoop/Karasburg)